higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 2

(9020072)

11 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

582Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter tipe weefsel hier onder dien as ’n voering in die verskillende dele van die liggaam?

A Bindweefsel
B Epiteelweefsel
C Spierweefsel
D Senuweefsel

1.1.2 Hoeveel bene is daar in die skelet?

A 100
B 206
C 106
D 200

1.1.3 Wat is ’n willekeurige spier?

A Spier wat onafhanklik werk en nie beheer kan word nie.
B Spier wat beheer kan word.
C Maak deel uit van die elastiese weefsels.
D Verbind die spiere aan been.

1.1.4 Watter stelsel hier onder dien as die liggaam se raam?

A Skeletstelsel
B Senuweestelsel
C Urienstelsel
D Voortplantingstelsel

1.1.5 Watter klier produseer gal?

A Pankreas
B Speeksel-
C Lewer
D Galblaas

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan uit watter organe/liggaamsdele die onderstaande liggaamstreke bestaan:

1.2.1 Boonste ledemate (4)

1.2.2 Onderste ledemate (3)

1.3 Identifiseer die VIER algemene tipes bene en gee EEN voorbeeld van elk.

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

1.4 Teken ’n geheuekaart om die funksies van die spierstelsel op te som. Jy kan ook die funksies van die verskillende tipes spiere insluit. (8)

1.5 Noem TWEE tipes gewrigte. (2)
[30]

VRAAG 2

2.1 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (2.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

kornea; optiese senuwee; retina; bysiende; iris; pupil; versiende; lens; sklera; stawe

2.1.1 Help om die oog teen skade te beskerm.

2.1.2 Die laag ligsensitiewe selle aan die binnekant van die oë wat beelde waarneem wat aan die agterkant van die oë gefokus word.

2.1.3 Die wit gedeelte van die oog.

2.1.4 Senuwees wat inligting van die retina na die brein oordra.

2.1.5 Slegs in staat om dinge te sien wat naby is.

2.1.6 Die swart spikkel in die middel van die oog.

2.1.7 Spier wat die hoeveelheid lig beheer wat die oog binnekom.

(7 × 1) (7)

2.2 Kopieer en voltooi die onderstaande tabel in jou ANTWOORDBOEK:

Sintuig	**Sintuigorgaan**
Sig	2.2.1
Reuk	2.2.2
Smaak	2.2.3
Aanraking	2.2.4
Gehoor	2.2.5

(5 × 1) (5)

2.3 Bespreek die funksie van die neus wanneer jy iets ruik. (5)

2.4 Identifiseer waar op die tong elke smaakknoppie aangetref kan word. (2 × 4) (8)

2.5 Noem VYF dinge wat die vel kan aanvoel. (5)
[30]

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte anatomiese naam van die area van die liggaam in KOLOM B wat pas by die spesifieke liggaamsdeel in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Genitalieë	A	kraniale area
3.1.2	Enkel	B	servikale area
3.1.3	Skedel	C	pubiese area
3.1.4	Knie	D	patella-area
3.1.5	Neus	E	tarsale area
3.1.6	Bors	F	nasale area
3.1.7	Mond	G	torakale area
3.1.8	Oë	H	umbilikus-area
3.1.9	Nek	I	aksillêre area
3.1.10	Oksel	J	femorale area
		K	orbitale area
		L	orale area

(10 × 1) (10)

3.2 Noem VYF omstandighede wanneer hande gewas moet word. (5)

3.3 Wat word as normale liggaamstemperatuur beskou? (2)

3.4 Noem die DRIE verskillende plekke op die menslike liggaam waar polsslag waargeneem kan word. (3 × 2) (6)


3.5 Noem die VYF verskillende handbewegings wat gebruik word wanneer jy 'n beroerte gehad het en die handsenuwees beskadig het. (5)

3.6 Noem TWEE waarnemings wat tydens die primêre assessering gedoen behoort te word wanneer jy 'n lewensbedreigende toestand assesseer. (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer FIGUUR 1 hier onder en beantwoord die vrae.



FIGUUR 1

[Bron: *https://owlcation.com/stem/Thirty-Surprising-Facts-About-the-Respiratory-System*, 21 Junie 2019.]

4.1.1 Watter stelsel verteenwoordig die bostaande illustrasie? (2)

4.1.2 Benoem A, B, C, D en E. (5)

4.1.3 Noem VIER siektes wat die bostaande stelsel kan beïnvloed. (4)

4.1.4 Waaruit bestaan respirasie? (2 × 2) (4)

4.1.5 Noem DRIE ander funksies van die bostaande stelsel behalwe asemhaling. (3)

4.1.6 Watter tipe gasse word ingeasem met inaseming en uitgeasem met uitaseming tydens respirasie? (2 × 2) (4)

4.1.7 Verduidelik wat met die bors gebeur tydens inspirasie. (2)

4.1.8 Noem die DRIE gedeeltes waaruit die farinks bestaan en waar dit geleë is. (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer FIGUUR 2 hier onder en beantwoord die vrae.



FIGUUR 2

[bron: *https://www.dualdiagnosis.org/anger-issues-addiction/costs-of-anger-management-programs/* 21 Junie 2019

5.1.1 Die bostaande illustrasie beeld 'n sekere tipe gedrag uit.

Watter tipe gedrag is dit volgens jou? (2)

5.1.2 Noem die sleutelkonsepte van sielkunde. (4)

5.1.3 Gee die naam en bespreek die teorie van die gedragsteoretikus B.F. Skinner. (10)

5.1.4 Watter tipe situasie sou die gedrag ontlok wat in die bostaande ilustrasie uitgebeeld word? (5)

5.2 Noem die VYF basiese doelstellings van sielkunde. (5)

5.3 Gee VIER voorbeelde van vrugte wat op die geestesgesondheidsboom aangetref word. (4)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou